

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 11
KWARTAAL 2 TOETS**

Eksaminator	A. Jansen van Vuuren-Pols	Datum	19 Mei 2025
Moderator	H. Botes	Tyd	1 uur
		Totaal	40 punte

LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **6** bladsye. Maak seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit **EEN** afdeling en **DRIE** vrae:
Vraag 1: Kontekstuele Vrae
Vraag 2: Paragraaf
Vraag 3: Dialoog
3. Beantwoord al die vrae.
4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
5. Laat 'n reël oop na elke vraag.
6. Trek 'n lyn na elke vraag.
7. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
8. Nommer jou antwoorde soos op die vraestel.
9. Alle vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
10. Maak seker dat jou selfoon afgeskakel is. Plaas dit in jou tas of op die onderwyser se tafel.

VRAAG 1 KONTEKSTUELE VRAE

“Dis net weird dat juffrou Makou ons drie by mekaar gesit het. Ons het soos in niks in gemeen nie. Niks.”

Abby se brein dreig om van pure frustrasie ‘n aar aan flarde te skiet.

Bl. 1

- 1.1 Juffrou Makou het Abby, Jasper en Henri saamgesit om ‘n groepstaak te voltooi.
Beskryf volledig waarom die groepstaak gaan. (2)
- 1.2 Wat het die drie karakters uiteindelik besluit om te doen vir hulle taak? (1)
- 1.3 Wie kon hulle met hierdie taak help en waarom? (2)
- 1.4 Die drie kinders het by Abby se huis bymekaar gekom om aan die taak te werk.
Hoekom het hulle buitentoe gegaan? (1)

Dwah! Dwah! Dwah!

Pistoolskote ruk deur die lug. Of deur haar liggaam. So voel dit. Onaardige, harde klappgeluide.

Bl. 11 - 12

- 1.5 Wie is geskiet? (1)
- 1.6 Wie het hierdie persoon geskiet en waarom is die kinders se lewens nou in gevaar? (2)
- 1.7 Waarheen in die kompleks vlug die kinders om asem te skep? (1)
- 1.8 Verduidelik volledig hoekom die kinders van die polisie moet vlug.
Gee ten minste **TWEE redes**. (2)

*Jasper gaan dadelik na die foon wat teen die kombuismuur hang en skakel 'n nommer.
Dit lui lank.*

Bl. 28

1.9 Waarom het Abby en Jasper eers gewag voordat hulle iemand gebel het? (1)

1.10 Met wie praat Jasper oor die foon? (1)

1.11 Met wie praat Abby oor die foon? Noem **TWEE** persone. (2)

1.12 Hoekom was Jasper in die tronk gewees? (1)

[17]

VRAAG 2 PARAGRAAF

Sy behoort my kant te vat, maar as die polisie of Jakkals haar eerste kontak, sal sy hulle dalk eerder glo?

Bl. 25

“My pa sal my, soos in dadelik, net oorgee.”

Bl. 25

En al probeer hy soms soos 'n rebel voorkom, wou hy darem nie sover gaan om vir die gereg te vlug nie. Nou gaan niemand hom glo nie. Daar was nog baie tyd om homself reg te ruk.

Bl. 32

Die drie kinders se innerlike konflik word beklemtoon deur die feit dat nie een van hulle ouers hulle moontlik sal glo nie.

2.1. Skryf 'n **paragraaf van tussen 80 – 120 woorde** waarin jy **Abby, Jasper en Henri** se innerlike konflik bespreek, asook waarom hulle ouers eerder ander mense sal glo.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Bespreek Abby se **innerlike konflik** volledig. (1)
- Bespreek Jasper se **innerlike konflik** volledig. (1)
- Bespreek Henri se **innerlike konflik** volledig. (2)
- Hoekom dink Abby dat haar ma haar nie sal glo nie? (1)

• Hoekom dink Jasper dat sy ouers hom nie sal glo nie?	(1)
• Hoekom dink Henri dat sy pa en ma hom nie sal glo nie?	(2)
Gee elkeen (sy ma en pa) se onderskeidelike (separate) redes.	
[8]	

Sy, Jasper en Henri woon dalk in dieselfde sekuriteitskompleks, maar hulle drie se persoonlikhede en sosiale status is sterrestelsels verwyderd van mekaar.

“Ons verskil soos Venus, Aarde en Mars.”

Bl. 1

2.2. Pas Kolom A by Kolom B. Skryf slegs die vraagnommer en regte letter neer.

Kolom A	Kolom B
2.2.1. Abby is Aarde	A. Sprankelend en Dramaties
2.2.2. Jasper is Mars	B. Flambojant en speel altyd speletjies
2.2.3. Henri is Venus	C. Realisties en Prakties
	D. Vol vulkansie uitbarstings en energie.

(3)

[11]

VRAAG 3 DIALOOG

Jasper besluit vining en mik vir die R511 in die rigting van die Magaliesberg, sien die opdraande grondpad waarmee hy en sy pelle al met hulle bergfietse gery het en draai daar af. Dit gaan skuins teen die berghang op, raak slegter tot dit uiteindelik doodloop by 'n grot wat knus tussen die kranse wegkruip.

Bl. 34

Jasper, Abby en Henri ontmoet vir Jonah, een van Jasper se vriende nadat hulle die grot verlaat het. Jasper vertel hom dat hulle in die grot geskuil het.

Voltooi die dialoog tussen **Abby, Henri, Jasper en Jonah** oor hulle ervaring in die grot. Skryf slegs die **vraagnummer en die persoon se woorde** neer. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

Jasper: Jonah, ons moes baie vining skuiling soek van die polisie. Die enigste plek waaraan ek kon dink, is die grot waarnatoe ons altyd gaan.

3.1 Jonah: Hoe het julle tot by die grot gekom? Gee **TWEE** feite.

Jasper: ... (2)

Henri: Net toe ons dink ons was alleen, weg van almal, ontmoet ons 'n boemelaar wat in die grot bly.

3.2 Jonah: Wat is sy naam?

Henri: ... (1)

Abby: Hy sien homself nie as 'n boemelaar nie.

3.3 Jonah: Nou wat verkies hy om dan genoem te word?

Abby: ... (1)

Jonah: Julle is seker al vrek honger. Kan ek vir julle iets maak om te eet?

Henri: Nee, dankie. Ons het alreeds geëet, baie dankie.

3.4 Jonah: Wat het julle geëet?

- Henri:** ... (1)
- 3.5 Jonah: Henri, jy lyk te spoggerig. Het jy die man betaal vir die klere?
- Henri:** ... (1)
- 3.6 Jonah: Beskryf die man se reaksie toe julle die grot verlaat het.
- Jasper:** ... (1)
- Abby: Ons moes hom net eers gehelp het voordat ons gery het, alhoewel Henri net in die grot bly sit het.
- 3.7 Jonah: Waarmee moes julle hom help en hoekom het Henri nie gehelp nie?
- Abby:** ... (2)
- 3.8 Jonah: Henri, dit lyk asof jy met Koos kan identifiseer. Waarom voel jy so?
- Henri:** ... (1)
- Henri: Ek het ook 'n belangrike lewensles geleer.
- 3.9 Abby: Watter lewensles was dit?
- Henri:** ... (1)
- Jonah: **Ek kan nie glo julle het gevlug nie.**
- 3.10 Jasper: Ons het nie regtig 'n ander keuse gehad nie. Wat sou jy gedoen het indien jy in ons skoene was?
- Jonah:** ... (1)

[12]

GROOTTOTAAL: 40